

# St. Ignatius van Loyola

## 31 Julie

(1491-1556)

Die militêre loopbaan van hierdie jong Baskiese soldaat het nie lank geduur nie, toe hy gewond is en ’n geruime tyd noodgedwonge herstel-verlof moes ondergaan. In dié tyd kom die rustelose Ignatius tot inkeer en begin sy verhouding met die Here die belangrikste in sy lewe word. So word sy vurige temperament ingespan om die Kerk tot nuwe hoogtes te neem. Saam met ’n aantal vriende stig hy die Jesuïete-orde, ’n aktiewe kongregasie wat ’n geweldige bydrae gelewer het tot die wêreldwye verbreiding van die Christelike geloof.

© Die Oratorium Uitgewery